

2 Mei

Skrifgedeelte: Esegïel 20:45-21:32

Fokusgedeelte: Esegïel 20:1-5

God as 'n vyand?

Die profeet Esegïel moes dikwels 'n baie harde woord tot die volk in ballingskap rig. Dikwels het hy van beelde of simboliese handeling gebruik gemaak, tot so 'n mate dat die volk gekla het dat die woord nie heeltemal duidelik is nie (20:49). In antwoord op die klagte spel die Here die oordeel baie duidelik uit. Die oordeel wat gaan kom, gaan verskriklik wees. Die oordeel is die gevolg van die sonde van die volk. Natuurlik was daar ook 'n deel van die volk wat aan die Here getrou gebly het, maar hulle gaan ook ly onder die oordeel wat kom. Die Here maak sy gesindheid aan die volk ten opsigte van die komende oordeel baie duidelik wanneer Hy sê: "Ek is jou vyand". Dit is 'n geweldige woord en die oordeel kan nie harder en duideliker uitgespreek word nie. Hy is nie meer die Verbondsgod wat met die volk 'n lang pad gestap het nie. Nee, Hy is hulle vyand. Hier is nie meer ruimte vir misverstand nie. Alles is nie wel, soos wat die valse profete gesê het nie. Daar gaan nie weer 'n wonderlike verlossing kom soos in die tyd van Jesaja, meer as een honderd jaar tevore, nie. God het hulle vyand geword. Eintlik is dit presies wat alle mense deur hulle sonde en ongeregtigheid verdien. Vir ons het dit egter anders geword deur Jesus Christus. Hy is deur God verlaat sodat God waarlik ons liefdevolle Vader is en ons altyd veilig in sy hande is.

Sing: Psalm 68:1

Prof HF van Rooy (Teologiese Skool Potchefstroom)